Gimmie Griffie

2 Februarie 2018

Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 3***

GEAGTE OUERS

Baie geluk aan al die atlete wat aan die vierhoekige atletiekbyeenkoms by Dr. Malan in Meyerton deelgeneem het. Sterkte aan die atlete met hul voorbereiding en byeenkomste wat voorlê. Atletiek kry nou voorkeur, geen ander sportsoorte mag nou deur atlete beoefen word nie.

Ons versoek alle atlete om asseblief hierdie naweek by ons tuisbyeenkoms deel te neem. Dit is die laaste geleentheid om ons interhoërspan te finaliseer.

In die leerders se dagboekie is baie inligting wat vir u as ouer waardevol is, byvoorbeeld: toetsrooster vir die jaar, registerklasse en graadhoofde, die Gedragskode en datums.

Die rapporteringskanaal vir akademiese navrae is eerstens die betrokke vak-onderwyser, departements- of graadhoof en dan die hoof of enige adjunkhoof. Vir enige buitekurrikulêre aktiwiteit moet u eerste die betrokke span of groep se voog (sal altyd 'n onderwyser wees) of daarna die organiseerder van die betrokke aktiwiteit kontak. Indien dit oor 'n beginsel of 'n algemene saak handel, is u ook welkom om die betrokke komitee van die Beheerliggaam te skakel.

Ons herinner u aan die Beheerliggaam-verkiesing van 1 en 2 Maart. Dit is vir 'n nuwe termyn van 3 jaar. Al nege lede word nuut verkies. Meer inligting volg later.

Gimmiegroete,
RA Oosthuizen

PRYSUITDELING: 8 FEBRUARIE
SANLAM OUDITORIUM

Twee sessies:
Juniors 17:50 tot 19:15 (gr. 8 & 9 van 2017). Ouers moet om 17:50 reeds sit.

Seniors (gr.10 & 11 van 2017) begin direk na eerste sessie (19:15). Ouers moet om 19:15 reeds sit.

Alle ouers word vriendelik uitgenooi om by Gimmies se gebedsgroep betrokke te raak. Ons bid vir ons skool, ouers, leerders en personeel.

Dit is op Maandagoggende vanaf 07:00 tot 07:30 in die geleentheidskantoor.

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Maandag 5 Februarie
Valbalkaartjieverkope: gr. 11

Dinsdag 6 Februarie
Atletiek: Uitsig-aflosbyeenkoms (TUKS)
Ensemble-oefening
Geesvang (18:00-20:00)
Valbalkaartjieverkope: gr. 11

Woensdag 7 Februarie
Atletiek:Noordheuwel (UJ) Top 15
Kooroefening (18:00-20:00)
Geesvang (18:00-20:00)
Valbalkaartjieverkope: gr. 10

Donderdag 8 Februarie
Kultuuruur: 13:00-14:00
Prysuitdeling: Ouditorium
Valbalkaartjieverkope: gr. 10

Vrydag 9 Februarie
Valbalkaartjieverkope: oop
Landsdienskamp
Swede arriveer

Saterdag 10 Februarie
Krieket: o/15A Finsbury
Toneeloefening

KRIEKET

Gimmies het die afgelope naweek teen Hans Moore in die Finsbury-reeks op die krieketveld kragte gemeet. Die eerstespan het tuis gespeel en die wedstryd is verkort na 25 beurte per span as gevolg van die reën. Gimmies het 147/5 lopies aangeteken. Robert Cameron het 67 lopies van 55 balle aangeteken en Marinus Pienaar 44 lopies van 45 balle. Hans Moore is vir 47 lopies uitgeboul. Ronald Hendricks neem 3 paaltjies in 3 beurte en staan slegs 1 lopie af. Duan Jansen en Martin Landman het elk 2 paaltjies geneem. Gevolglik wen Gimmies met 100 lopies. Die o/15's se wedstryd in Benoni is afgelas as gevolg van die reën.

TENNIS

Donderdagmiddag het twintig graad 8'ies aan die tennis-verwelkomingstoernooi deelgeneem. Ditwas 'n lekker middag van tennis speel, koek eet en koeldrank drink. Die volgende spelers het pryse gewen: Nandin Gernandt, Anton Stadler, Jacus Rossouw, Johanné Yssel, Justin Bisset en Bronné Magasie. Ons is baie bly vir elke speler wat vir Gimmies gaan tennis speel. Die uitspele vir spanne sal volgende week begin. Spelers daag self, sê vir die betrokke onderwyser (meisies: me. Nadia Malan, seuns: me. Hanlie Smuts) en speel op hulle eie tyd uit. Kontak gerus vir me. Hanlie Smuts by 073 887 9231 as u enige navrae het.

***Sun City*-toernooi: 9 tot 12 Maart**
Uitspele vind volgende week plaas. Me. Smuts sal self met die betrokke spelers wat hulle name op die lys geplaas het, reël. Beide 'n junior- en seniorspan gaan deelneem. Daar is vyf seuns en vyf dogters in elke span.

Tennisoefeninge: Dinsdae en Donderdae vanaf 16:30 tot 17:30.

PERDRY

Nicole Buys het gedurende 2017 aan verskeie gegradeerde skoue deelgeneem. Sy en haar perde het soos volg presteer:

- Nommer 1 op NW-ranglys.
- 48ste op SA-ranglys uit meer as 500 ruiters wat aan die 90cm springklasse deelneem.
- 10de op SA-ranglys uit meer as 130 ruiters wat aan die 80cm springklasse deelneem.
- Neem aan die SA-kampioenskappe deel en wen die nasionale kampioen-skappe, behaal drie 7de plekke en

een 16de plek (80-en 90 cm springklasse).

MATRIEKKLAS 2018 SE OUERS SKENK BANKIES BY SNOEPIE

Tydens die eerste graad 12-oueraand is daar ‘n inisiatief van stapel gestuur waar matriekouers uitgedaag/genooi is om by te dra tot die aankoop van mooi stelle sitplekke met tafels vir ons kinders by die snoepie. Daar is ‘n pragtige afdak opgerig, maar geen sitplek vir ons kinders nie. Intussen is 5 stelle van die bankies/tafels (baie goeie plastiek-produkte) reeds aangebring en die kostes beloop ±R23 000. Sover is reeds R1500 inbetaal en ons vra baie vriendelik dat alle matriekouers van 2018 om tot hierdie inisiatief by te dra sodat ons as ouers met reg ook kan sê daar is ‘n klein nalatenskap waartoe ons kon bydra. Betaal in by Gimmies se Bankrekening gemerk : Bankies Snoepie. By voorbaat dankie vir elke rand wat u bydra. Met dank ds. Johan Raubenheimer (Matriekouer).

Gaan loergerus hoe mooi die bankies lyk. Die kinders geniet hulle nuwe kuierplek by die snoepie.

BERGFIETSRY

Armand van der Merwe en Danielle Strydom het aan die Ottosdal "Draf en Trap" deelgeneem. Danielle het die 84 km gewen en Armand die 40km bergfiets-wedren.

Adventure Club

SA-Inyamazan vestig *Adventure Clubs* regoor die Vrystaat, Gauteng en Noordwes. Ons is 'n jong maatskappy vir jongmense.

Ons is opsoek na jong, energieke mense wat uitgehonger is vir 'n uitdaging! Om jou *Inner Viking* vry te laat, sluit by ons klub aan vir kwartaallikse avonture soos: bergklim, abseiling, *scuba diving*, stap in die Drakensberge*, white water rafting* en 'n jaarlikse Afrika-avontuur soos net SA-Inyamazan kan doen!

Ons leer basiese oorlewingsvaardighede, oriëntasie, veldkennis en nog baie meer! Daar is jaarlikse pryse vir beste in aksie fotografie op toer en die beste kort film. Sluit by ons aan vir 'n adrenalien-pompstorm! Wees gewaarsku, dit is hoogs verslawend!

Kontak ons: Stephan: 082 456 2913 / Byron: 082 567 5203